STELLENBOSSIANA

NUUSBRIEF MAART 2020 JG. 34 NR. 1 • NEWSLETTER MARCH 2020 VOL. 34 NO. 1

SLAWERNY IN STELLENBOSCH

Met die stigting van Stellenbosch in 1685 het die bevolking uit burgers, slawe en enkele vryswartes bestaan (Gilliomee 2007:3). Slawe in die Stellenbosch-streek was afkomstig van Oos-Afrika, Oos-Indië, Indonesië of was gebore aan die Kaap.

Slawe in Stellenbosch, nes in ander areas in die Wes Kaap, was onderworpe aan die eienaar se wil. Dit was mansslawe wat die harde werk as plaasarbeiders op die koloniste se koring- en wynplase verrig het. Hulle was ook aangewend om die take van veewagters, tuiniers, ambagsmanne en meubelmakers te verrig (Gilliomee:2007:4).

Die vroue was kokke, kinderoppassers, soogvroue, wasvroue en huisbediendes in die huishoudings van burgerlike wonings (Giliomee & Mbenga: 2007,53). Teen 1799 is daar in die distrik Stellenbosch 10 107 slawe geregistreer. Sensus dokumente vir plase lys slawe wat besit is deur elke kolonis.

Die politieke gevolge van die instelling van slawerny aan die Kaap was verreikend. Onderdrukkende wette was nodig om die slawe op hul plek te hou en om die slawe-eienaars teen opstande te beskerm. Streng strafmaatreëls, marteling en grusame teregstellings het ongehoorsaamheid ontmoedig.

Slawe se frustasies teen hierdie onderdrukking is op verskeie wyses getoon. Dit het die vorm aangeneem van onder meer sabotasie, brandstigting, selfmoord of moord - laasgenoemde was strafbaar met 'n pynvolle, uitgerekte teregstelling (J.L. Hattingh: Die Burger 23 Julie 2005, 15).

Die Britse besetting van die Kaap was die begin van die einde vir slawerny. Die slawehandel is in 1807 afgeskaf en 'n reeks hervormings wat die verbetering van slawe se omstandighede ten doel gehad het, is ingestel. Slawerny as sodanig is amptelik op 1 Desember 1834 beëindig, maar 'n vierjaar-tydperk van verpligte vakleerlingskap vir bevryde slawe het beteken dat die vryheidsoomblik uitgestel is tot 1838. Vryheidsdag is gekenmerk deur swaar reën en sneeu wat uitgesak het oor die Wes-Kaap. Vir party slawe was die reën simbolies van die trane van slawe wat gesterf het voordat hulle vryheid kon smaak. Daarteenoor het baie slawe-eienaars geglo dat God die reën gestuur het om 'n ramp te keer, want dit het die slawe uit die moeilikheid gehou.

Op Stellenbosch het slawe op 1 Desember 1838 na die Rynse sendingkerk op die Braak gestroom. Eerwaarde Lückhoff het drie volgepakte dienste vir die vrygestelde slawe gereël. Die Rynse Sendingkerk is as bevrydingssimbool sowel as rigtinggewer teen slawerny gesien.

ELIZABETH A. ODENDAAL

VRYHEIDSDAG, 1 DESEMBER 1838.
Bevryde slawe ruk op om hul Vryheid te vier
(MuseumAfrica)

'n Slaaf juig oor sy vryheid, soos deur F.T. l'Ons geteken (Kaape Argief Bewaarplek)

Die Storm-Skildery

Van die ou geboue waaruit die Dorpsmuseum op Stellenbosch bestaan, het ryke geskiedenisse oor slawe en slawe eienaars. Die Blettermanhuis was die woning van Hendrik Lodewyk Bletterman, die laaste magistraat van die VOC in Stellenbosch. Kaptein Hendrik Storm was 'n huisvriend van Hendrik Lodewyk Bletterman. Op die skildery is Kapt Storm met sy seun en dogter, elkeen met 'n persoonlike slaaf wat in die agtergrond wag, in 'n huis in Kaapstad. Die skildery van die familie hang tans in Blettermanhuis.

Maria Westpalm se testament



'n Uittreksel van Maria Westpalm se testament opgestel te Stellenbosch op die 10 Junie 1824 en geregistreer op 14 September 1824. (MOOC 7/1/94 No 28 Maria Westpalm. Inventory,8.5.1826)

Die volgende slawe word sonder enige voorwaardes vrygestel:

- January van de Kaap
- Dirk van de Kaap
- Hester van de Kaap
- Carolin van de Kaap
- Truy van de Kaap (Met kinders Hester, Marietjie en Gabriel)
- Annet van de Kaap
- Diana Van de Kaap (Sy kry ook 300 gulde vir haar pasgebore kind)
- Apollos van Mosambique
- Hester van de Kaap
- Christina van de Kaap
- Marietjie van de Kaap
- Carolina van de Kaap
- Gabriel van de Kaap
- Erasmus van de Kaap
- Johan van de Kaap

Die lang gebou op die hoek van Plein- en Ryneveldstraat was oorspronklik die slawekwartier van Blettermanhuis. Dit het van 1825 tot 1833 as 'n skool vir slawekinders onder leiding van eerw. Erasmus Smit gedien en was met 50 skoolbanke toegerus.

Slawe is ook op 'n stadium in die westelike helfte van die kothuis van Grosvenor House (vandag is dit Fat Butcher Restaurant) gehuisves.

PERSONEELNUUS

Mev Elizabeth Wareley het aan die einde van November 2019 na ‘n dienstydperk van 21 jaar die museum vaarwel toegeroep. Elizabeth het in Maart 1998 as gids in O.M. Berghhuis vir die Trusteeraad begin werk. Elizabeth het op 11 November 65 jaar oud geword.

Die personeel en bestuur van die museum gaan vir Elizabeth mis, maar alle voorspoed word haar toegewens met die volgende hoofstuk van haar lewe.

Elizabeth Wareley

Die laaste helfte van die finansiele jaar was heelwat van die personeel bevoorreg om een of ander werkswinkel of opleiding by te woon.

Al die personeel het die verpligte noodhulpkursus bygewoon en het die relevante sertifikaat ontvang. Hierdie sertifikaat is geldig vir twee jaar waarna ‘n opknappingskursus weer bygewoon moet word.

Enzo February, Laurenzo Newman, Ulin Wentzel en Franco Vosloo het ‘n kursus in basiese brandbestryding bygewoon. Hierdie personeellede is deel van die museum se Beroepsgesondheid- en Veiligheidspan en die kursus het hulle bemagtig om die museumbestuurder by te staan met die saamstel van ‘n Ontruimingsplan vir die museum.

Madelein Bailey, Stellin Daniels, Jaylin Siljeur en Lorraine Williams het ‘n kursus in kliëntediens bygewoon.

Die museum se opvoedkundige assistent, Lamees Petersen en Michellin Louw het ‘n opvoedkundige werkswinkel bygewoon in Worcester gedurende Oktober wat deur Barry Jooste, die Departement Kultuursake & Sport se opvoedkundige beampte aangebied was.

Die onderhoudpersoneel en die EPWP personeel wat op die museumversameling projek werk het gedurende Februarie ‘n praktiese werkswinkel bygewoon oor tekstiele en die hantering daarvan.

Die Museumbestuurder Debbie Gabriels en Lorenzo Hendricks was bevoorreg om hul kennis verder te kon verbreed deur kursusse, wat aangebied was deur die hoog aangeskrewe kultuurhistorikus, Professor Matilda Burden, by die Universiteit van Stellenbosch by te woon. Die een kursus het gehandel oor kultuurerfenis, die tweede oor argitektuurstyle in Suid-Afrika en die derde was ‘n opknappingskursus in Museumkunde. Dit was ‘n absolute belewenis. Ons weet nou waarom die spreekwoord sê dat rus roes, want die assesseringstake wat ons daarna moes indien, was ‘n groot nagmerrie... Maar ons hou duimvas!

Albertina Batyi het in Oktober 2019 haar 10de jaar in diens van die Departement Kultuursake & Sport, standplaas Stellenbosch Museum gevier. Die Departement het die personeel na ‘n Skemerkelkie geleentheid op ‘n wynplaas in Paarl genooi.

Henry Davids

Dit is met hartseer dat die Trusteeraad van die Stellenbosch Museum moes vaarwel sê aan Henry Davids, wat op 22 Februarie afgesterf het.

Henry Davids het sedert 2010 op die Trusteeraad van die museum gedien en het waardevolle bydraes gelewer veral ten opsigte van personeelaangeleenthede en opleiding. Henry was ook ‘n lid van die Vriende van die Stellenbosch Museum en het op die Vriende se komitee gedien.

Die Trusteeraad en personeel dra hul innige simpatie oor aan Ronnie, Henry se vrou, en hul kinders.

EVENTS HOSTED AT THE MUSEUM

ARCHITECTURAL WALKS IN COLLABORATION WITH THE WOORDFEES

Architectural walks were presented from 9 – 14 March. Prof Matilda Burden took participants on a guided tour through town and showed that architecture can be both exciting and interesting. She gave participants the opportunity to look with different eyes at the heart of the Eikestad with its architectural gems. Two different routes were offered on alternate days; one to the town centre and the other to the vicinity of the Braak.

EVENING STROLL THROUGH THE TOWN

The Walks offered by the museum are one of the most popular programmes on Stellenbosch's cultural calendar. The walk this year, in conjunction with the Word Festival, was once again a great success and attended by more than 70 people.

Pietman Retief took participants on a guided tour through the heart of the town. Several historic buildings were visited along the route. What makes the tour so interesting is that some of the buildings visited during the tour are not normally accessible to the public.

Another interesting aspect of the tour that attracts many participants is the ghost stories told during the tour. At some of the museum's buildings specially opened for this event, participants were given the opportunity to even get acquainted with these ghosts who were "specially called" for the walk.

COMMEMORATING THE EMANCIPATION OF SLAVES AT PNIEL MUSEUM

The emancipation of slaves is commemorated annually on 1 December in Pniel. The community of Pniel is direct descendants of the slaves and is proud to organize an annual program to celebrate this event.

This year, the community and invited guests gathered in Pniel where Reverend Leon Klate opened the programme with the word of God. Learners from the local school gave a performance.

The special guest speaker was the South African writer, poet and storyteller Diana Ferrus. She was born in Worcester and is of mixed Khoisan and slave ancestry. Diana Ferrus shared her history with the audience and entertained them by presenting some of her poems.

The Stellenbosch Museum entered into a collaboration agreement with the Pniel Museum in 2017 and it was a privilege for the Board of Trustees and staff of the Stellenbosch Museum to participate in this event.

ABOVE: Photo of a "ghost" who was specially called for the Evening Stroll